

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Camillus de Lellis

## 14 Julie

(1550–1614)

Hierdie grofgeboude man met 'n vinnige humeur wat versot was op dobbel en as huursoldaat gedien het, was onwaarskynlike materiaal vir 'n heilige. Tog sou 'n paar harde lewenslesse hom uiteindelik na die arms van die Here dryf. Geen klooster wou hom egter hê nie en nadat hy self in een van die destydse siekehuise opgeneem is, vind hy sy roeping om die siekes te versorg. Hy word 'n ware sieleherder vir siekes en lydendes en bring uiteindelik 'n religieuse gemeenskap van siekeverpleërs op die been.